

**HALLELU-YAH**

**VS**

**AMEN**

## **GESKIEDENIS:**

Die meeste GELOWIGES het groot geword met die woord amen. Ons het liedjies gesing, en wanneer jy in 'n Pinkster kerk sit het jy kort-kort gehoor dat mense se amen, wat geglo was dit beteken dat hulle saam stem. En almal het dit opreg uit hulle harte bedoel, want ons is dan so groot gemaak.

Volgens ons 1933/53 Bybels sluit Jesus ook Sy gebed af met amen.

## **REGTIG!**

### **KOM ONS KYK WAAR KOM DIE WOORD AMEN VANDAAN EN WAT BETEKEN DIT EINTLIK!**

EERSTENS, DWING ONS NIEMAND OM HIERDIE LEERING TE VAT NIE, ONS VERKAF DIE INLIGTING JY BESLUIT WAT JY DAARMEE GAAN MAAK.

Let wel jy besluit wat wil jy maak met dit, maar laat toe dat Ruach/Heilige Gees self met jou werk en as dit dan nie vir jou is nie, sit dit eenkant, maar moenie die swaarde, messe en dolke uithaal om ons dood te steek nie, of soos die afrikaanse gesegde sê, moenie die baba saam met die badwater uitgooi nie. Bêre dit op die rak, dalk vir eendag.

Die opdrag wat ons, Menorah Tabernakel, by Abba Vader ontvang het, was om die volk te lei wat kom uit **Egipte**, uit **Babilon** en uit **Moab**. Ons leer mense **wat** is van **Egipte** af, wat kom van **Babilon** af, en hoe proe die waters van **Moab**. Ongelukkig het die ander kulture, volke en leerstellings wat deel is en was van afgodediens ook ingesluit in ons Christelike volk en ook so met die vertalers.

## **JESAJA 43:27**

-(1933/53) = Jou eerste vader het gesondig, en jou tolke (vertalers) het teen My oortree.)

(1983) = (Jou eerste voorouer het gesondig, en jou woordvoerders het teen My oortree.)

Voor ons begin, nee kennis ons gebruik graag die Hebreeuse Heilige name, maar ook die WOORD God, Jesus Christus en Heilige Gees, omdat so baie mense nog nie bewus is van die Hebreeuse name nie. Die meeste van ons het groot geword met die name God, Jesus Christus en Heilige Gees en dit is nie verkeerd nie, maar wanneer 'n mens bekend word met die regte name, en die skrif verstaan in **Hosea 2:15+16** (En in dié dag, spreek YHWH, sal jy My noem: My man; en jy sal my nie meer noem: My Baäl nie. Dan verwyder Ek die name van die Baäls uit haar mond, sodat hulle by hul naam nie meer genoem sal word nie.), word dit deel van jou "taal."

Volgens die antike 10 letter Hebreeuse alfabet is die naam Jesus eintlik YAH'shua.  
(YAH = verbondsGod; Shua=Verlosser.)

As ons die geskiedenis van die vertaling van die Bybel bestudeer sal 'n mens agterkom hoe daar eintlik gesukkel was om die Bybel in Afrikaans te vertaal. Die Bybelgenootskap het die kopiereg gehad om die Bybel in Afrikaans te vertaal, en om die Nuwe/Hernude Testament, wat in Grieks was, te vertaal moes hulle van Rooms Katolieke Priesters gebruik gemaak het. Hoeveel lees ons van Hy of Hom waar daar na Jesus/YAH'shua verwys word as klein lettertjies, want hulle erken nie Jesus/YAH'shua as God nie.

### **VERSKILLENDE GELOWE EN DIE WOORD AMEN:**

#### **1. CHRISTENE:**

Christene sê Amen waarby hulle geleer het, soos U wil of laat dit so wees. As dit so is hoe verduidelik ons Openbaring 3:14 (EN skryf aan die engel van die gemeente van die Laodicense: **Dit sê die Amen**, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God:)

#### **2. ROOMS KATOLIEKE:**

Volgens die Katolieke Ensiklopedie Volume 1 van 1907 word verwys dat die woord Amen 'n woord is wat die Rooms Katolieke kerk, vanaf 34 nC by die Joode gaan "leen" het, en dit is ook wanneer die Rooms Katolieke geloof ontstaan het, maar dit is ongelukkig nie die waarheid nie, want die Ortodokse Jode gebruik nie die woord "Amen" nie, hulle gebruik die woord "Amein."

Elke godienstige instansie gebruik die woord Amen op een of ander wyse. Die Joode sê aw-mein, wat beteken (let it be) of laat dit wees. Die woord amen in die 1933/53 Bybels beteken die laat dit so wees nie, want die Rooms Katolieke het dit verander van aw-mein na Amen.

#### **3. ISLAM:**

Die Moslems en Arabiere sê amun wat beteken I agree. Die woord amun kom nie een keer in die Koraan voor nie, alhoewel hulle dit gebruik. Dit is 'n baie snaakse verskynsel dat hulle die woord gebruik maar staan nie in hulle Koraan nie.

Wel, as ons gaan kyk wanneer het die Islam geloof begin en wie het dit gestig, maak dit absoluut sin dat hulle dit gebruik. Die Rooms Katolieke het in 570 nC die Islam geloof gestig. Toe Mohamed uit Mekka wegvlug, en vir 2 jaar in 'n grot gaan wegkruip het hy nie 'n pen en papier saam gevat om die torah te gaan skryf nie. Mohamed se 5de vrou was 'n Rooms Katolieke vrou, en sy het hom na die Vatikaan in Rome gevat en hulle het vir hom die torah geskryf, die eerste torah, nie die een wat vandag bestaan nie, want Omar wat 'n 100jr na Mohamed gekom het, het die oorspronklike torah wat

deur die Katolieke geskryf is onderskep en der duisende Islamiete doodgemaak, a.g.v. oorspronklike torah.

Die Katolieke gebruik die woord "amun," want hulle koppel dit aan amen, en toe kom die Protestante toe hulle in 1611 die King James Bybel skryf en hulle leen weer die woord by die Katolieke. Waar kom dit vandaan? DIT IS 'N BAÄLGOD SE NAAM.

#### 4. HINDU

Die Hundi Sanskrit is een van die Hundi gelowe verklaar ook aan die einde van hulle gebede die woord aum. Daar is +- 3000 verskillende Hindu gelowe en hulle almal sluit hulle gebede af met aum.

#### 5. GRIEKE:

Die griekse het aan die einde van hulle gebede aan hulle afgod Zeus, die songod, wat geword het Ra, wat geword het Isous. Hulle het die woord amen gebruik, maar volgens die Rooms Katolieke het hulle die woord amen 34 nC gaan leen by die Hebreëus, nee dit kon nie gewees het nie want dit is nie hoe hulle dit gespel het nie. Hulle het dit aw-mein gespel. Die griekse gebruik die woord amen om hulle songod Zeus te vereer, reeds 400 jr voordat daar enige Christenskap (Rooms Katolieke) ontstaan het, want in YAH'shua se tyd was daar nie so iets soos Christenskap nie, dit was deur die Katolieke geskep.

#### 6. EGIPTENARE:

Die Egiptiese Mitologie is een van die oudste beskawings waarvan daar meer as genoeg bewyse van is. Die meeste gelowe en afgode het hul oorsprong van Egipte, daarom vind ons so baie van hierdie afgode name in ons Bybels.

Die Egiptiese Thebans was 1000vC en hulle het die woord "amen-RA" gebruik. Hulle het hul Egiptiese songod "amun-RA aanbid en offers aan hom gebring.

In die Egiptiese Mitologie was die amen-ra god, die god van lewe. Dis ook hoekom Nimrod die songod genoem is, want die son bring lewe, m.a.w. amen-ra beteken god vd lewe, wat ook natuurlik verwys word na die Egiptiese songod "amun-ra"

#### 7. GRIEKS / LATYNS:

Volgens "the standard dictionary etymology," het die woord "amen," uit die "griekse" taal na "latyns" verskuif na die 6de eeu, en is dit net so deur die "protestante" gebruik in die "engelse" taal, omdat dit reeds vir eeue in die "rooms-katolieke kerk" gebruik was. "amen."

#### 8. JOODSE RABBI'S:

Joodse rabbi's van "frankryk," het eeue gelede reeds bepaal die "hebreuse" woord vir geloof "em-una," het sy oorsprong gehad uit die woord "amen."

Wat nie vergeet moet word nie, is dat hierdie "sogenaamde joodse rabbi's," was in werklikheid "rooms-katolieke evangelical," en daarom beweër hulle die volgende.

Alhoewel die "engelse vertaling" anders lyk, het altwee in werklikheid hul oorsprong in die ontstaan van "aleph-men-nun," ...en dit verklaar dat hierdie "katolieke rabbi's (evangelicals); kom uit die "hebreeuse" woord "amen," wat dan veronderstel is om uit 'n ander "hebreeuse" woord "āmán" (kyk na die spelling) voort te spruit.

Hulle beweër dat die woord "amen" beteken dan die volgende:

- a). om te bevestig.
- b). om ferm te wees.
- c). geloof waardig.
- d). om geloof te hê.

### **GEEN AFGODE NAME UIT JOU MOND:**

Abba leer ons in SY woord en hierdie 'n spesifieke opdrag aan die Israeliete, dat daar geen ander gode se name oor hulle lippe mag kom nie.

**Exodus 23:13** (En in alles wat Ek julle gesê het, moet julle jul in ag neem. En die naam van ander gode mag julle nie vermeld nie; dit mag uit jou mond nie gehoor word nie.).

### **VERVLOEKING:**

**Jeremia 28:6** (...en die profeet Jeremia het gesê: Amen, laat die Here so doen! Laat die Here vervul jou woorde wat jy geprofeteer het, deur die voorwerpe van die huis van die Here en al die ballinge uit Babel na hierdie plek terug te bring.)

### **Deuteronomium 27:15+16** (Vervloek)

Dit is nie amen nie dit moes aw-mein gewees het, want dit is wat die Hebreërs gebruik het.

Volgens die strong kerkordansie nommer 543 word die Hebreeuse woord au-mein, au-mane, wat altwee beteken "so be it"

Hoop die skille het van julle oë afgeval.

### **GAAN EK NOGSTEEDS MY GEBEDE AFSLUIT MET DIE WOORD AMEN?**

Net weereens jy word glad nie forseer nie, jy kan kies of jy nogsteeds jou gebede wil afsluit soos al die ander gelowe.

Nou dat jy dit weet is daar nie meer verskoning vir onkunde nie, want amen beteken nie, ***jy stem saam*** of **let it be** of **mag dit so wees** nie.

**HANDELINGE 17:30**

God het dan die tye van onkunde oorgesien en verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer,

**EFÉSIËRS 4:18**

mense wat verduisterd is in die verstand en vervreemd van die lewe van God deur die onkunde wat in hulle is vanweë die verharding van hulle hart;

**I PETRUS 2:15**

Want so is dit die wil van God dat julle deur goed te doen die onkunde van die dwase mense tot swye sal bring,

Liefde Groete in die naam van YAH'shua.

Frik en Amelia Weideman

Frik (083 459 5158).

Amelia (084 580 8233).

**HALLELU-YAH**